**NOTES:**

1. Author's emphasis.
2. **1860 Uniform:** a shell jacket of Russel cord, red facings, dark trousers with black braid down the outward seams; white trousers in summer, and a Black cap with a French peak; in winter a black jacket and white trousers was worn at all parades.
   **1863 Uniform:** a grey tunic and trousers; facings, green edged with red; headdress, a felt-helmet with steel spike, or a demi-shako; also a brown leather knee-cap, for kneeling while shooting. Cost of Uniform: £3-15.
   **1878 Uniform:** Cavalry: coat of serge blue, [cut as military officers' patrol jackets], bound with black braid, with braid shoulder knots, trousers of drab Bedford strapped; Jack boots, a spiked helmet and a black cap with peak and puggaree, a finally, a buff leather belt and pouch as well as a bucket for the carbine; Infantry:- a grey cloth tunic and trousers, with black facings, spiked helmet with grey cap and peak with puggaree, with a buff leather belt and one pouch.
3. Reprinted with kind permission by the author.

# Boekbesprekings / Book reviews

**ROLF GüTH: Die Marine des Deutschen Reiches 1919-1939,** Bernard & Craefe Verlag für Wehrwesen, Frankfurt am Main [1972], pp. 263. Prys: DM 20,-.

In hierdie publikasie is beskryf op watter wyse die Duitse Ryksmarine [**Reichsmarine**] wat op 1.1.1921 gestig is en vanaf 21.5.1935 as die Duitse Krygsmarine [**Kriegsmarine**] bekendgestaan het, feitlik binne 'n tydperk van twintig jaar tot 'n weermagsdeel uitgegroei het wat deur sy slaggereedheid die verbasing en verwondering van die toenmalige eersterangse seevarende moondhede verwek het. Voordat daar kortliks op hierdie ontwikkelingsgang ingegaan word, is dit van belang om die skrywer se gebruik van die woord en begrip **marine,** in teenstelling met **vloot,** te verduidelik. Kapt. Güth lê, in hierdie verband, die nadruk op die volgende: Volgens sy sienswyse bestaan die seestrydkragte van 'n land uit die volgende komponente: Die vloot, die ondersteunings-en hulpvaartuie en die onderskeie inrigtings en verdedigingswerke op land. Dit, aldus dieselfde skrywer, in teenstelling met die Britse gebruik van die woord en begrip **navy,** terwyl hy andersyds opmerk dat die Franse en Duitse woordgebruik en begripsinhoud ooreenkom [p.16].

Gedurende die tydperk 1919-1939 het, behalwe waar dit die reeds genoemde naamsverandering betref, die Duitse marine 'n groot aantal uiteenlopende veranderings op verskillende gebiede ondergaan.

Dit is interessant om te weet dat tot 31.12. 1921 dié vlootvaartuie wat kragtens die verdrag van Versailles in Duitse besit gebly het, onder die eertydse keiserlike oorlogsvlag gevaar het. In 1921 is 'n nuwe oorlogsvlag deur Rykspresident Friedrich Ebert ingestel wat uit swart-wit-rooi bane, met in die middel 'n Ysterkruis, bestaan het. Tewens is die kleure van die Weimarrepubliek, swart-rooi-goud, in die geus gevoer. In 1933 het die geus verval en in 1935 het die nuwe Ryksmarine se oorlogsvlag, met as sentrale kenteken die hakekruis, en met die Ysterkruis in die geus, sy verskyning gemaak.

Organisatories beskou, is die oudste bepalings in dié verband sowel in die verdedigingswet van 21.3.1921 as in die Duitse grondwet van 18.6.1921 neergelê. Van 1919-1920 het die sentrale gesagvoering van die Duitse marine bekendgestaan as die Admiraliteit [D.: **Admiralität**], van 1.10.1920-21.5.1935 as die Marineleiding [D.: **Marineleitung**] en daarna as die Opperkommando van die Krygsmarine [D.: **Oberkommando der Kriegsmarine**].

Wat die leser van hierdie studie veral tref, is die feit dat die Duitse marine, net soos die Duitse leër, sterk onderhewig was aan binne- en buitelandse aangeleenthede en koersveranderings en dat die funksie van die marine uiters gevoelig ten opsigte van buitelandse invloede en internasionale magverhoudings was.

In hierdie opsig moet daar allereers melding gemaak word van binnelandse beroerings kort voor en na die ineenstorting van die Duitse keiserryk en na die magsoorname deur Hitler, die knellende bande van die militêre bepalings van die verdrag van Versailles [1919], die vlootkonferensies van Washington [1921, 1927] die toetreding van Duitsland tot die Volkebond [1926], die einde van die internasionale militêre beheer oor Duitsland, die vloot- en ontwapeningskonferensies [1930-1933], die uittreding van Duitsland uit die Volkebond [1933], die toenaderingsbeleid tot Engeland en die Duitse besluit om, deur

die bou van slagskepe, sy agterstand op see in te haal.

Aanvanklik, omstreeks 1921, was die vernaamste funksies van die Duitse marine o.m. om die staatkundige rus en orde in die kusgebied te handhaaf, om die skeepvaartroetes en- verbindings langs die kus oop te hou en om werksaamhede soos opmetingswerk, die vervaardiging van seekaarte, die opstel van weer-en handelsvlootberigte en die herstel van seekabels te verrig.

Soos in latere fases van die geskiedenis van die Duitse marine in die tydperk tussen die twee wêreldoorloë is die beskikbare personeel, materiaal, tegniek e.d.m. in ooreenstemming met die opgawes in vredes- en oorlogstyd aangewend.

In die beginjare was, as gevolg van die beperkings wat aan die Duitse marine opgelê is, hierdie take beperk, maar dit tref die leser telkens dat, ten spyte van hierdie omstandighede, voortdurend aandag aan die buitelandse magsverhoudings en -beleid gewy is.

Kenmerkend is, in bovermelde verband, o.m. die volgende uitsprake van 1926:

a. Die grootste gevaar in die wêreld is die Sjinese wat, oor ongeveer vyftig jaar, 'n uittog sal gebruik om hul invloed uit te brei.
b. Aangesien die Bolsjewisme die grootste vyand van die kultuur van Europa is, is Rusland noodwendig die grootste vyand van Duitsland.
c. Engeland is tans die leier van die kultuur van die Aandland. Indien Engeland as gevolg van die Kommunisme of deur die afvalligheid van sy kolonies beswyk, is die gevaar dat Europa kommunisties word groter as onlangs. Engeland het die Kommunistiese gevaar besef, en bygevolg is die vriende van Rusland Engeland se vyande [pp. 67-68].

Op hierdie en ander wyses het die Duitse marinestaf sy vinger op die pols van die wêreld gehou en is elke koersverandering noukeurig geregistreer. Aangesien kragtens die verdrag van Versailles die daarstelling van 'n Duitse marine-akademie verbied is, en die Duitse marineleiding andersyds gevoel het dat so 'n inrigting onontbeerlik vir wetenskaplike opleiding en -navorsing is, het 'n aantal vooraanstaande personeellede van die akademie hulle op geskiedskrywing toegelê. Op dié wyse het o.m. die reeks **Der Krieg zur See 1914-1918** ontstaan waarvan die latere adm. Erich Raeder die deel **Der Kreuzerkrieg in den ausländischen Gewässern** in 1922 tot 1923 geskryf het [pp. 96-97].

Gerd Sandhofer het, deur 'n pantserkruiser te ontwerp wat binne die perke van die verdrag van Versailles geval het, maar in stryd met die bepalings van die Washingtonse ooreenkoms was, in die rigting van verdere uitbreiding en versterking van die Duitse oorlogsvloot gewerk.

Met hierdie vloottoevoeging, waarvan van 1920 tot 1928 verskeie ontwerpe vervaardig is, begin die heropbou van die Duitse vloot [p.83] en, vanaf 1933, die Duitse strewe om — nadat die weiering insake gelykberegtiging tot Duitsland se uittrede uit die Volkebond gelei het — 'n grootskaalse vlootbouprogram aan te pak [1934-1945] en die strewe om met Engeland tot 'n vlootooreenkoms te kom.

Adm. Erich Raeder, het skepties teenoor Hitler se beleid in bogenoemde verband gestaan en is in die loop van die volgende jare in die gelyk gestel.

Daarna het Duitsland, in die aangesig van Engeland se sterk seemag, wat nou as 'n bedreiging beskou is, in 1938-1939 besluit om die Z-plan, wat die bou van slagskepe behels en uit adm. Raeder se vlootkonsepsie voortgevloei het, deur te voer.

Ten tye van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die Duitse marine, gewikkel in 'n bouprogram wat met dié van voor 1914 vergelyk kan word, nie slaggereed nie. Ten spyte hiervan was die Duitse marine vasberade om nie werkloos te bly nie, maar tot die einde voort te gaan om — op dié wyse — 'n herhaling van 1918 te voorkom.

Hier is slegs 'n paar aspekte van kapt. Güth se belangrike publikasie genoem. Dit is 'n belangrike bron van kennis, nie alleen in verband met Duitse marine-aangeleenthede nie, maar ook met betrekking tot Duitse, internasionale en wêreldaangeleenthede. Ook in dié bestek gesien, is **Die Marine des Deutsches Reiches 1919-1939** 'n onmisbare bron van onskatbare waarde. Dit geld nie uitsluitend vir die student in die militêre geskiedenis nie.

Jan Ploeger.